SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 5 APRIL 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radio liga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radio liga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

BETAAL DATUM VIR DIE HERNUWING VAN RADIO FREKWENSIE SPEKTRUM LISENSIES UITGESTEL

INPERKING TRONK BREEK!

en

AMSATSA RAPPORTEER GOEIE VORDERING MET AFRICUBE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

BETAAL DATUM VIR DIE HERNUWING VAN RADIO FREKWENSIE SPEKTRUM LISENSIES UITGESTEL

Pretoria, 30 Maart 2020 - In die lig van die toestand van nasionale rampe en die huidige 21-dae-inperking

om die verspreiding van die COVID-19-pandemie te bekamp, het OKOSA 'n besluit geneem om die geldigheidstydperk van bestaande radio frekwensie spektrum lisensies te verleng in ooreenstemming met Regulasie 10 van die Radio Frekwensie Spektrum Regulasies.

Ingevolge die Regulasies is die sperdatum vir die hernuwing van radio frekwensie spektrum lisensies jaarliks 31 Maart. Die regulasies bepaal verder dat versuim om die voorgeskrewe fooi vir die hernuwing van die lisensie teen die sperdatum (d.w.s 31 Maart jaarliks) te betaal, sal lei tot die verstryking van die radio

frekwensie spektrum lisensie onmiddellik op die volgende kalenderdag wat die begin van die nuwe finansiële jaar is.

In hierdie verband het OKOSA besluit om alle houers van radio frekwensie spektrum lisensies 'n uitbreiding te gee om hul lisensies te hernu teen nie later nie as 30 Junie 2020.

Moet nie wag tot 30 Junie 2020 om jou lisensiegeld te betaal nie - doen dit nou! Die lisensiegelde is beskikbaar op die voorblad van die SARL-web sowel as in SARL Kommunikasie van 25 Maart 2020 en SARL Nuus vir 28 Maart 2020.

DIE APRIL 2020 RADIO ZS BESKIKBAAR VIR ALMAL

Die Raad het besluit dat die April 2020 uitgawe van Radio ZS beskikbaar is vir lede en nog nie lede van die SARL. Klik op die skakel op die voorblad van die Liga-webwerf om 'n eksemplaar af te laai. Lees op bladsy 10 en 17 oor My Projek en hoe om 'n lidmaatskap van die SARL te wen. Op bladsy 11 kan jy lees oor SARAH of die South African Radio Active Ham.

INPERKING TRONK BREEK!

Die wêreld is ingeperk en word stadig maar seker mal. Om by die tronk uit te breek lyk na 'n goeie idee en as radio amateurs het ons 'n voordeel - 'n kreatiewe verbeelding en 'n gewilligheid om te peuter!

Laat ons 'n bietjie voorgee... Ons is onder huisarres; ons huise word deur 'n eksterne elektroniese toesig stelsel gemonitor en die toegangsbeheer word beheer deur elektroniese sleutelkodes! Ons kan net ontsnap deur saam te werk. Sodra jy dit gelees het, sal jy op die regte pad wees na vryheid wat ons as vanselfsprekend aanvaar! SARAH is ons agent aan die binnekant en sy gee elektroniese sleutelkodes uit. 'n Sleutelkode is bloot 'n kombinasie van vier letters (geen syfers, spasies of spesiale karakters) en dit stel jou in staat om die toesig te deaktiveer.

Ongelukkig kan jy nie die sleutelkodes gebruik wat SARAH vir jou gee, op jou eie huis gebruik nie - dit moet deur iemand anders gebruik word. Jy kan egter kodes gebruik wat deur ander mense gegee is. Op hierdie stadium is dit onduidelik hoeveel sleutelkodes nodig is om jou sekuriteits bewaking uit te skakel, maar kry soveel as moontlik!

Besoek www.sarah.org.za/, registreer en vind meer uit oor die Inperking Tronk Uitbreek! Daar is ook 'n PDF-dokument wat jou oor hierdie aktiwiteit vertel, by www.sarah.org.za/lockdownGame.pdf

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radio liga.

AMSATSA RAPPORTEER GOEIE VORDERING MET AFRICUBE

AMSATSA het die afgelope Woensdag sy gereelde aanlyn vorderings vergadering gehou. Gedurende die laaste paar weke is vordering op alle fronte gemaak. Die transponder is op die lug getoets en 'n werklike kontak is gemaak deur die transponder. Hannes Coetzee, ZS6BZP het die transponder op die toring op sy huis geïnstalleer en 'n kontak met Keith Laaks, ZS6TW gemaak. Terwyl dit net oor 'n paar kilometer afstand was, die belangrikheid van die kontak was dat daar geen steurings was en die klank kwaliteit was goed.

Hierdie afgelope week het Anton Janovsky, ZR6AIC aan die sagteware gewerk en deur 'n ingewikkelde skakel daarin geslaag om meer moderne sagteware op te laai en te installeer op 'n afstand. "Anton het aan my rekenaar gekoppel en die masjien met TeamViewer oorgeneem en dan via Wi-Fi met die transponder op my toring verbind," het Hannes, ZS6BZP gesê. "In normale tye sou ons eenvoudig 'n geheue stokkie geruil het, maar in abnormale tye het mens onkonvensionele maniere om dinge te doen".

Verdere bewerkings sal die naweek opgelaai word met meer toetsing van die transponder. Die volgende stap is om die toets oop te maak vir plaaslike radio amateurs. Volledige besonderhede sal aangekondig word op SARL Nuus en op die AMSAT SA web. Die volledige AfriCUBE ontwikkeling verhaal is op www.amsatsa.org.za beskikbaar.

Die hersienings vergadering is ook met die ander komponente van AfriCUBE opgedateer. Die ruimte raam is voltooi, die PC borde vir die son panele is ontwerp en sal vervaardig word sodra die inperking verby is. Werk gaan voort op die antenna en sonpaneel ontplooiing en 'n verdere prototipe sal vervaardig word sodra Suid-Afrika terugkeer na normale werk. Die elektroniese kragvoorsiening eenheid is voltooi. 'n Nuwe koppelvlak tussen die Raspberry PI en die verwerker is ontwerp en stroombaan bord is uitgelê.

IARU GERAAS MONITERING GROEP HET AFRONDINGS AAN DIE PROJEK BESPREEK

Tydens 'n twee-uur aanlyn vergadering verlede Maandag, het die IARU Geraas Monitering groep verskeie afrondings aan die geraas monitering projek bespreek. Die doel is om 'n wêreldwye data formaat te bepaal sodat die versamelde inligting gedeel kan word.

Die DARC-groep het die uitslae van hul eerste 10 stasies wat in Duitsland geïnstalleer is, aangebied en vergelyk die uitslae tussen landelike gebiede, lae digtheid voorstede en hoë digtheid voorstede. Die SARL-groep het vir 'n geruime tyd verskeie tydraam opsies en die bandwydte van elke segment bespreek. Tans dek elke meting segment 1 MHz van die spektrum 1 tot 30 MHz.

Hoewel die proses in sommige dele van Europa anders is, glo die SARL-groep dat internasionale verenigbaarheid bereik kan word. Die SARL Geraas Monitering groep sal oor die volgende twee weke vergader om die formaat te finaliseer en aanbevelings te maak oor hoe om vorentoe te beweeg. Die uiteindelike doel is om spesifikasies te ontwikkel en volledige eenhede beskikbaar te maak vir installasie op terreine regoor die land.



HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteit vlak laag gaan bly. Tans is daar slegs 'n enkele, klein sonvlekke met 'n eenvoudige magnetiese samestelling sigbaar. Daar is nie 'n moontlikheid vir son fakkels nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlek telling van een vir die week gebruik. Met die onlangse dag-en-nag-ewening kan radio amateurs veral laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Vroegmiddag mag daar selfs ook 'n paar 10 m openinge wees. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

10 April - Goeie Vrydag

12 April – Paassondag

13 April – Familie dag

18 April - Wêreld Amateur Radio Dag; die Herfs QRP Naelloop en die ZS4SRK ballon kompetisie

19 April – die ZS4 Naelloop

21 en 22 April - die Lyrids meteor stort

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Ingevolge die Regulasies is die sperdatum vir die hernuwing van radio frekwensie spektrum lisensies jaarliks 31 Maart. Die regulasies bepaal verder dat versuim om die voorgeskrewe fooi vir die hernuwing van die lisensie teen die sperdatum (d.w.s 31 Maart jaarliks) te betaal, sal lei tot die verstryking van die radio frekwensie spektrum lisensie onmiddellik op die volgende kalenderdag wat die begin van die nuwe finansiële jaar is.

In hierdie verband het OKOSA besluit om alle houers van radio frekwensie spektrum lisensies 'n uitbreiding te gee om hul lisensies te hernu teen nie later nie as 30 Junie 2020. Moet nie wag tot 30 Junie 2020 om jou lisensiegeld te betaal nie - doen dit nou!

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radio liga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radio liga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7,082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending by Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3,620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radio liga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, bly gesond, gehoorsaam die regulasies en die beste wense vir die week vorentoe.